

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

SHADRACK MASUKO ..... Eerste Appellant  
ALFRED VUSI HLATSHWAYO ..... Tweede Appellant  
SHADRACK MANDLA NYATI ..... Derde Appellant

EN

DIE STAAT ..... Respondent

Coram: VILJOEN, JACOBS et SMALBERGER, ARR

Verhoor: 10 Maart 1986

Gelewer: 27 Maart 1986

---

U I T S P R A A K

JACOBS, AR :

Die drie appellante het in die Witwatersrandse  
plaaslike Afdeling voor Spoelstra R en twee assessore as

beskuldigdes .... / 2

beskuldigdes 1, 2 en 3 (gerieflikheidshalwe sal ek weer so na hulle verwys) saam tereggestaan op ses aanklagtes. Daar was ook 'n sewende aanklag maar dit was net teen beskuldigde 1 gemik.

Die eerste aanklag het beweer dat beskuldigdes gedurende die nag van 17 tot 18 Desember 1983 'n Ford Cortina ligte aflewering swa met registrasienommer GLT 217 T van ene Michael Lander te Wynberg, Johannesburg, gesteel het.

Aanklag 2 het beweer dat beskuldigdes gedurende of omtrent 18 Desember 1983 te Tembisa in die distrik Kempton Park gepoog het om vir Ben Tshabangu te vermoor. (In die grootste deel van die oorkonde word die van "Shabangu" gespel.)

Die derde aanklag het beweer dat beskuldigdes 'n Ford Cortina aflewering swa met registrasienommer OE 700,

die eiendom van ene Henning Joubert, gedurende die nag van 18-19 Februarie 1984 te of naby Verwoerdburg, Pretoria, gesteel het.

Aanklag 4 het gelui dat beskuldigdes op of omtrent 22 Februarie 1984 en te Tembisa vir Ben Tshabangu vermoor het.

Aanklag 5 het beweer dat gedurende die tydperk Desember 1983 tot 22 Februarie 1984 en te Tembisa beskuldigdes wederregtelik twee .38 kaliber rewolwers besit het sonder dat hulle in besit was van die nodige lisensies of permitte.

Aanklag 6 het beweer dat gedurende die tydperk en plek in klagte 5 genoem beskuldigdes wederregtelik in besit was van . 38 mm patrone.

Aanklag 7 wat, soos reeds gesê is, slegs ten opsigte van beskuldigde 1 gegeld het, het beweer dat hy op

13 Maart 1984 te Tembisa uit regmatige aanhouding ontsnap het.

Al drie die beskuldigdes, wat deur verskillende advokate verteenwoordig was, het op al die aanklagte onskuldig gepleit. Namens beskuldigde 1 is 'n skriftelike pleitverduideliking ingehandig. Vir sover dit aanklagte 1 en 2 betref het hy beweer dat hy ten tyde van die beweerde gebeure op besoek was aan sy moeder te Acornhoek, m a w hy het 'n alibi as verweer opgewerp. Wat aanklagte 3, 4, 5 en 6 betref, het beskuldigde 1 bloot alle bewerings teen hom ontken. Ten opsigte van aanklag 7 het hy beweer dat hy uit bewaring ontsnap het ten einde te ontkom aan aanrandings deur die polisie op hom, dat sy bedoeling was om regsadvies in te win en dat hy inderdaad vrywilliglik na die polisiestasie teruggekeer het nadat hy regsadvies ingewin en mediese

behandeling ontvang het. Beskuldigdes 2 en 3 het bloot

alle bewerings teen hulle ontken.

Aan die einde van die saak is beskuldigdes soos  
volg skuldig bevind en gevonniss:

Beskuldigde 1.

Aanklag 1: Skuldig en gevonniss tot drie jaar gevangenis-  
straf.

Aanklag 2: Skuldig en gevonniss tot sewe jaar gevangenis-  
straf.

Aanklag 3: Skuldig en gevonniss tot drie jaar gevangenis-  
straf.

Aanklag 4: Skuldig aan moord sonder versagtende om-  
standighede. Die doodstraf is opgelê.

Aanklagte 5 en 6: Skuldig op beide aanklagte. Die  
aanklagte is saam geneem vir doeleindes van  
vonniss en 18 maande gevangenisstraf is op-  
gelê.

Aanklag 7: Skuldig en gevonniss tot 6 maande gevangenis-  
straf.

Die hof het gelas dat die vonnisse op aanklagte 1,  
2 en 3 saam moet loop.

Beskuldigde 2.

Hy is slegs op aanklag 2 skuldig bevind en on-  
skuldig op al die ander aanklagte. Op aanklag 2 is hy

gevonnis tot 5 jaar gevangenisstraf.

Beskuldigde 3.

Hy is op aanklagte 1 en 3 onskuldig bevind en ontslaan. Wat die ander aanklagte betref was die uitslag soos volg:

Aanklag 2: Skuldig en gevonnis tot 5 jaar gevangenisstraf.

Aanklag 4: Skuldig aan moord sonder versagende omstandighede. Die doodstraf is opgelê.

Aanklagte 5 en 6: Skuldig op beide aanklagte wat ook saam geneem is vir doeleindes van vonnis en een jaar gevangenisstraf is opgelê.

Die verhoorhof se bevindings was eenparig.

Die verhoorhof het aan beskuldigdes 1 en 3 verlof toegestaan om na hierdie hof teen al hulle skuldigbevindings en vonnisse te appelleer. Verlof is ook aan beskuldigde 2 toegestaan om slegs teen die vonnis wat hom op aanklag 2 opgelê is te appelleer.

Ter aanvang mag ek net sê dat die persoon Ben

Tshabanga wat die Staat in aanklag 2 beweer die beskuldigdes op 18 Desember 1983 gepoog het om te vermoor, dieselfde persoon is wat in aanklag 4 beweer word op 22 Februarie 1984 inderdaad vermoor is. Dit was gemene saak dat gemelde Ben Tshabangu op 18 Desember 1983 in sy huis te Mthambaka Wyk 850, Tembisa, in sy been geskiet is en dat hy daarna op 22 Februarie 1984 te Makhulong Wyk 471, Tembisa in sy kop geskiet en op die plek gesterf het. Ek mag ook reeds op hierdie stadium noem dat gedurende die verhoor die Staat twee verklarings wat beskuldigdes 2 en 3 onderskeidelik, op 12 April 1984 voor 'n landdros afgelê het en deur laasgenoemde op skrif gestel is, ingehandig het. Gemelde twee verklaringe is met instemming van die betrokke twee beskuldigdes se regsverteenwoordigers ingehandig en namens elkeen van

die twee beskuldigdes is erken dat die verklaring vrywilliglik en ongedwonge gemaak is, sonder dat hy daartoe beïnvloed is en terwyl hy by sy volle positiewe was. Ek is nie van voorneme om die inhoud van die betrokke verklarings volledig hierin uiteen te sit nie maar ek gee op hierdie stadium reeds kort opsommings daarvan omdat, vir sover dit beskuldigde 2 betref, sy skuldigbevinding op aanklag 2 hoofsaaklik daarop gebaseer is en, vir sover dit beskuldigde 3 betref wat die inhoud van sy verklaring by die verhoor in breë trekke herhaal het, dit n breë agtergrond daarstel van die gebeure vanaf 18 Desember 1983 tot 22 Februarie 1984. Dit is natuurlik vanselfsprekend dat die inhoud van die twee skriftelike verklarings nie gebruik kon word as getuienis behalwe teen die beskuldigde wat dit gemaak het nie en die verhoorhof het

dit ook nie so gebruik nie. .

Beskuldigde 2 se verklaring kom kortliks daarop neer dat Shadrack Maseku (dit is deur almal aanvaar dat hier na beskuldigde 1 verwys word) hom gedurende Desember 1983 genader en gevra het om 'n sekere persoon met die naam van Ben wat vir hom, Shadrack, R2 000 skuld te gaan doodmaak. Die volgende dag het gemelde Shadrack Maseku hom kom oplaai en nadat hulle vir ene Shadrack Nyati (dit is aanvaar dat na beskuldigde 3 verwys word) opgelaai het, en dit reeds donker was, het die drie van hulle gery en naby 'n huis wat Maseku uitgewys het as Ben se huis, stilgehou. Maseku het toe aan hom, beskuldigde 2, 'n vuurwapen oorhandig en beskuldigde 2 en Nyati is alleen die huis binne. In die huis het hulle net vrouens gekry aan wie hulle voorgegee het dat hulle kamers seek om

te huur. Omdat die eienaar van die huis (Ben) nie daar was nie is hulle versoek om later terug te keer. Hulle is toe terug na waar Maseku in die voertuig gewag het en hulle het aan hom rapporteer dat Ben nie tuis is nie en hulle het toe vertrek. Beskuldigde 2 het die vuurwapen aan Maseku teruggegee. Twee dae later het Maseku hulle weer opgelaai. Maseku het toe weer 'n vuurwapen aan hom, beskuldigde 2, gegee en R200 aan Nyati. Hulle moes weer voorgee dat hulle kamers wil huur en moes die huurgeld aan Ben oorhandig en terwyl Ben die geld tel moes beskuldigde 2 hom skiet. Maseku het weer vir hom en Nyati naby Ben se huis afgelaai. Hulle is weer die huis binne. Ben was weer nie tuis nie maar het na 'n ruk opgedaag. Hulle het toe met Ben gesels oor die kamers wat hulle voorgegee het hulle wil huur en wou 'n deposito

gee maar Ben het gesê hulle moet eers die kamers wat beskikbaar is gaan besigtig maar dat dit nou te laat is en dat hulle weer moet kom om daarna te kyk. Omdat hulle aan Ben voorgesê het dat hulle met 'n huurmotor gekom het, het Ben vir sy seun opdrag gegee om hulle te neem tot by 'n bushalte. Daar het Maseku vir hom en Nyati gekry. Hulle het toe verslag gedoen. Hulle het aan Maseku vertel dat Ben reeds in die bed was en dat hulle die volgende dag moet terugkom. Beskuldigde 2 het weer die vuurwapen aan Maseku teruggegee en Nyati die R200. Die volgende dag het Maseku weer vir hom en Nyati kom oplaai. By sy ouerhuis het Maseku 'n bakkie uitgewys waarmee hulle moes ry en vir beskuldigde 2 aangesê om die bakkie te bestuur wat beskuldigde 2 gedoen het. Maseku het hierdie keer self die vuurwapen by hom gehou

en dit by sy broek se band ingedruk. Naby die hek van Ben se huis het beskuldigde 2 stil gehou en Maseku en Nyati het afgeklim en is die huis binne. Op instruksies van Maseku het beskuldigde 2 nie die voertuig afgeskakel nie. Na 'n rukkie het beskuldigde 2 drie skote agtermekaar gehoor en Maseku en Nyati het toe aangehardloop gekom en hulle het vertrek. Op pad het Maseku vir beskuldigde 2 vertel dat hulle vir Ben gekry en geskiet het. Beskuldigde 2 is toe afgelaai waar hy bly. Na 'n paar dae het hy, beskuldigde 2, weer vir Maseku raakgeloop en laasgenomede het vir hom gesê Ben is dood. Beskuldigde 2 sê toe vir hom:

"goed as dit so is moet jy jou beloftes nakom.

Jy het ons 'n motorkar belowe."

Volgens beskuldigde 2 het Maseku toe gesê:

"voor Kersfees sal hierdie motorkar beskikbaar wees vir julle."

Volgens beskuldigde 2 het hy vir Maseku daarna nie weer gesien nie tot die dag voor hy die verklaring afgelê het toe Maseku en die polisie by hom aangekom het en hy gearresteer is. Hy en Nyati het nooit die beloofde motorkar gekry nie.

Die verklaring wat beskuldigde 3 voor die landdros afgelê het kom kortliks op die volgende neer. Hy sê gedurende Desember 1983 het Shadrack (hy ken nie sy van nie) by hom gekom en gesê daar is iemand wat hom pla en dat hy, beskuldigde 3, hom moet help om die persoon dood te maak. Beskuldigde 3 sê hy het gesê hy is bang maar hy het saam met Shadrack gery tot by Halfweghuis waar hulle ene Vusi Hlatswayo (dit was beskuldigde 2) opgelaai het. Vusi het

daarvandaan die voertuig bestuur. Hulle ry toe tot by Ben Shabangu se huis wat volgens Shadrack die man was wat hom pla. Hy, beskuldigde 3, en Shadrack klim toe af en Vusi bly in die motor sit. Beskuldigde 3 sê hy wou by die huis se hek gaan staan maar Shadrack het gesê

"nee kom saam dat ons ingaan - jy gaan niks doen nie."

Hy sê Shadrack het 'n vuurwapen gehad. Dit het "so uitgesteek teen sy sy." Hulle twee is toe die huis binne en Shadrack het vir die mense gevra waar Ben is. Die mense sê toe Ben is bo in die huis wat 'n dubbelverdieping is.

Iemand het vir Ben gaan roep en Ben het toe afgekom. Shadrack trek toe die vuurwapen uit en skiet 'n skoot na Ben.

Ben vlug toe en Shadrack skiet nog 'n skoot. Beskuldigde 3 sê hy weet nie of die skote vir Ben getref het nie.

Ben het toe in 'n ander vertrek ingehardloop. Beskuldigde 3 en Shadrack is toe terug na die voertuig waar Vusi gewag het en hulle het gery. Beskuldigde 3 en Vusi is afgelaai en Shadrack is verder. 'n Paar dae later het Shadrack vir hom kom sê Ben is dood. Kort daarna het die firmas waar hulle gewerk het gesluit vir die Kersvakansie en beskuldigde 3 en Vusi is na hulle tuistes in Natal. Gedurende Januarie 1984 het hy en Vusi teruggekeer. Beskuldigde 3 sê dat gedurende Februarie het hy weer vir Shadrack gesien en dié vertel toe vir hom dat Ben nog lewe. Daarna, sê beskuldigde 3, het hy eendag in Tembisa gestap op pad na 'n vriendin van hom toe Shadrack onverwags by hom stilhou. Shadrack sê toe hy kan saamry. Hy wil net iets by 'n plek gaan aflaai dan sal hy vir beskuldigde 3 wegbring na die

plek waarheen hy op pad is. Daar was nog 'n persoon wat hy nie geken het nie in die voertuig. Hulle ry toe en Shadrack hou by 'n plek stil en sê hy wil net gou 'n vriend gaan sien. Shadrack klim toe af en hy en die ander persoon bly sit in die voertuig. Terwyl hulle daar sit het hy die klank van skote gehoor. Die volgende oomblik kom Shadrack aangehardloop. Hy sien daar is bloed aan Shadrack se been en hy vra hom -

"wat het nou gebeur hierse - is dit jy wat geskiet het?"

Beskuldigde 3 sê Shadrack het net gesê:

"dis sleg - ek sal jou later vertel."

Toe het Shadrack teen 'n hoë spoed weggery. Langs die pad het Shadrack vir hom, beskuldigde 3, afgelaai en gesê hy

sal hom later weer kom opplaai maar Shadrack het nooit weer opgedaag nie en hy het toe 'n ander geleentheid gekry na Halfweghuis waar hy woon. Sedertdien het hy Shadrack nie weer gesien nie tot die dag voor hy die verklaring gemaak het toe Shadrack saam met die polisie daar opgedaag het en beskuldigde 3 gearresteer is.

Ek gaan nou daartoe oor om met die getuienis op die verskillende aanklagte te handel. Ek meen dat gerieflikheidshalwe aanklagte 1 en 2 saam behandel kan word. Die verhoorhof het heeltemal tereg aanvaar dat Michael Lander se Ford Cortina voertuig met registrasienommer GLT 217 T gedurende die nag van 17 - 18 Desember 1983 gesteel is. Volgens Lander was dit 'n ligte afleweringsvoertuig en die kleur was geel. Die voertuig is nooit teruggevind

nie.

Die oorledene se vrou Rachel Shabangu het getuig dat hulle gedurende Desember 1983 in 'n dubbelverdiepinghuis te Mathambeka Wyk 850, Tembisa, gewoon het. Haar man, die oorledene, het blykbaar ook kamers gehad wat hy verhuur het wat daar naby geleë was. Sy het vertel van twee persone wat twee keer by hulle huis aangekom het op soek na kamers om te huur (dit is altans wat hulle voorgegee het). Op die aand van 18 Desember 1983 het een van die persone wat tevore daar was en 'n ander persoon weer daar gekom en navraag gedoen omtrent kamers en ook gevra waar haar man Ben is. Sy het gesê haar man slaap in die boonste kamer en sy het vir 'n seuntjie gevra om vir die twee persone die kamers te gaan wys. Die twee persone is saam met die seuntjie uit maar die

volgende oomblik was hulle terug en het daarop aangedring om vir haar man te sien. Daar het toe 'n argument (of 'n lawaai soos sy dit genoem het) tussen haar en die twee persone ontstaan. Die twee wou toe met geweld die trappe opgaan. Terselfdertyd het 'n jong seun van haar die trappe afgekom en gekeer dat die twee nie die trappe opgaan nie. Terwyl die lawaai nog aan die gang was het haar man ook op die trappe verskyn. Die twee persone het agtertoe beweeg en haar man het met die trappe afgekom. Een van die twee persone het toe 'n skoot na haar man geskiet. Daarna het hy 'n tweede skoot geskiet en dit het gelyk asof haar man struikel. Haar man het in 'n ander vertrek ingehardloop en 'n derde skoot is geskiet. Die twee persone is toe daar weg. Sy het getuig dat die persoon wat die

skote afgevuur het beskuldigde 1 was. Beskuldigde 3 was die ander persoon wat die aand saam met beskuldigde 1 was en hy, beskuldigde 3, was ook die persoon wat voorheen by haar huis was saam met 'n ander persoon om na huurkamers te verneem. Hierdie laasgenoemde persoon het sy in die hof uitgewys as beskuldigde 2. Ek mag net noem dat volgens die getuie die ligte van die vertrekke waar die toneel hom afgespeel het aan was en dat die toneel helder verlig was. Beskuldigdes 1 en 3 is later deur die getuie op uitkenningsparades uitgeken maar hierna kom ek later terug. Die getuie het getuig dat na die gebeure haar man 'n wond in die bobeen gehad het. Hy is na die hospitaal vervoer waar die wond behandel is en hy 'n dag aangehou is.

Boswell Shabangu, 'n seun van die oorledene, het

getuig dat op die aand van 18 Desember 1983 hy by sy vader

in 'n kamer in die boonste verdieping van hulle huis was.

Daar was 'n lawaai in die onderste vertrekke en hy is die

trappe af om te gaan kyk wat aangaan. Daar was twee per-

sone wat by sy moeder was en wat met geweld die trappe wou

opgaan. Die getuie het hulle voorgekeer. Sy vader het

toe met die trappe afgekom en toe hy onder kom is daar op

hom begin skiet. Hy kan nie sê wie van die twee persone

geskiet het nie.. Hy het gesê van die twee persone wat die

aand daar was, was een reeds tevore by hulle huis saam met

'n ander persoon. By dié geleentheid het hy die twee per-

sone op versoek van sy vader na 'n bushalte geneem. Die

getuie het ook verskeie uitkenningsparades bygewoon waar hy

sekere persone uitgewys het, maar ek kom ook later daarna

terug. Ek mag byvoeg dat die getuie tydens die gebeure blykbaar 19 jaar oud en in St 10 was.

'n Jong vrou, Johanna Ngubeni, wat ten tyde van die gebeure waaroor dit hier gaan 'n bediende in oorledene se huis was, het ook getuig van die twee mans wat die aand van 18 Desember 1983 daar aangekom het. Sy het hulle nie gesien arriveer nie maar toe sy van 'n boonste vertrek kom het die twee op stoele gesit. Hulle het by Rachel verneem na woonplek en Rachel het twee kinders saam met hulle gestuur om vir hulle sekere kamers te gaan wys. Hulle het uitgegaan maar kort daarna weer teruggekeer en gesê hulle wil vir Ben sien. Hulle, die huismense, het egter gesê Ben is nie daar nie maar die twee persone wou toe met die trappe opgaan. Daar was 'n lawaai en Boswell het op die trappe

verskyn en die twee voorgekeer. Ben het toe ook met die  
 trappe afgekom en die twee het geretireer. Toe Ben onder  
 kom het daar 'n skoot geval en sy sê die kombuis was vol  
 rook. Sy het geskrik en is uit by 'n deur. Op daardie  
 stadium het sy reeds 'n tweede skoot gehoor. Sy het na 'n  
 oom se huis daar naby gehardloop en gerapporteer. 'n  
 Ander jong familielid van Ben, Dyna Shabangu, het saam met  
 die getuie teruggegaan na Ben se huis. Voor Ben se hek  
 het 'n "Yellow Van" gestaan. Sy het die voertuig reeds ge-  
 sien toe sy verbyhardloop na haar oom se huis maar het toe  
 nie opgelet of daar iemand in is nie. Toe sy en Dyna  
 terugkeer het die voertuig weggetrek en het by hulle verby  
 gery. Sy het na die registrasienommer gekyk toe die voer-  
 tuig aankom en weer na dat dit verbygegaan het. Die

registrasienommer was GLT 217 T. Sy sê voor die voertuig vertrek het, het sy twee persone van Ben se huis af daarheen gesien hardloop en in die voertuig spring. In antwoord op vrae deur die hof het sy gesê dat die persoon wat geskiet het beskuldigde 1 was. Die ander persoon wat saam met beskuldigde 1 op die aand van die 18de by die huis was, was beskuldigde 3 en hy was reeds voor die 18de twee keer saam met beskuldigde 2 by die huis om te verneem na kamers wat te verhuur was. Ook dié getuie het uitkenningsparades bygewoon en persone uitgewys maar ek verwys ook later daarna.

Op dié stadium moet ek net byvoeg dat Johanna getuig het dat sy die volgende oggend twee "voorwerpe" in die huis opgetel het terwyl sy gevee het en die het sy aan

die polisie oorhandig.

Dyna Shabangu het bevestig dat Johanna by haar huis aangehardloop gekom het en dat sy saam met Johanna terug is na Ben se huis. Voor die huis het 'n geel bakkie gestaan en een persoon was besig om in die bakkie te klim. Net na hy ingeklim het, het nog twee ingeklim en die bakkie het toe begin beweeg in haar en Johanna se rigting. Sy het die registrasienommer van die voertuig gelees. Die registrasienommer was GLT 217 T en toe sy by die huis kom het sy vir Boswell gevra om dit af te skryf. Sy het die registrasienommer ook vir die polisie gegee toe hulle 'n paar dae later 'n verklaring van haar kom neem het.

Dit is nie betwis nie dat drie .38 koeëlpunte die volgende oggend in Ben se huis opgetel is en aan die

polisie oorhandig is . . .

Ek kom nou by die uitkenningsparades waarna ek vroeër verwys het. Dit is gemene saak dat op die eerste parade wat op 13 Maart 1984 gehou is al drie die getuies, Rachel Shabangu, Boswell Shabangu en Johanna Ngubeni sonder aarseling vir beskuldigde 1 uitgewys het as een van die persone wat vir Ben Shabangu by sy huis geskiet het op 18 Desember 1983. Dit is verder gemene saak dat op 'n daaropvolgende uitkenningsparade wat op 5 April 1984 gehou is die getuies Johanna, Boswell en Rachel ene Mishack Sithole uitgewys het as die ander persoon wat op 18 Desember 1983 vir Ben Shabangu by sy huis geskiet het. Dit is verder gemene saak dat dit uit die polisie se verdere ondersoeke geblyk het dat genoemde Mishack Sithole nie by die skietery

betrokke kon gewees het nie m a w dat die drie getuies n  
 verkeerde persoon op die tweede parade uitgewys het. Op  
 daardie stadium was beskuldigdes 2 en 3 nog nie gearresteer  
 nie. Hulle is eers op 12 April 1984 gearresteer. Op 17  
 April 1984 is n verdere uitkenningsparade gehou waarop be-  
 skuldigdes 2 en 3 teenwoordig was. Rachel, Boswell en  
 Johanna is weer na die parade gebring nadat die polisie  
 hulle vroeër meegedeel het dat hulle op die parade van 5  
 April 1985 n verkeerde persoon uitgewys het. Hulle is  
 weer gevra om die persoon wat op 18 Desember 1983 aandadig  
 was aan die skietery op Ben Shabangu by sy huis uit te wys  
 indien hy op die parade is en al drie getuies het sonder  
 huiwering vir beskuldigde 3 uitgewys. Daar was geen  
 suggestie dat die uitkenningsparades nie reëlmatig gehou

is nie maar veral namens beskuldigde 1 is in kruisverhoor en ook in argumente daarna en voor hierdie Hof groot gewag gemaak van die feit dat op die tweede parade 'n onskuldige persoon uitgewys is as beskuldigde 3 en is die getuies se vermoë van waarneming op grond daarvan skerp gekritiseer.

Dit sal ook later blyk wanneer ek met aanklag 4 handel, dat dieselfde foutiewe uitkenning t o v beskuldigde 3 gemaak is deur die getuies wat oor daardie aanklag getuig het, en dieselfde kritiek, hierdie keer ook namens beskuldigde 3, is ook teenoor daardie getuies se getuienis geopper.

Al die getuies het egter volgehou dat die persoon Mishack Sithole wat hulle op die parade vir beskuldigde 3 aangesien het baie soos beskuldigde 3 lyk. Fotos wat die polisie van gemelde Mishack Sithole en van beskuldigde 3

afsonderlik geneem het met en sonder hoofbedekkings is dan ook aan die verhoorhof en hierdie Hof voorgelê en dit is nie betwis dat die ooreenkoms vir sover dit die twee se voorkoms betref eenvoudig merkwaardig is nie. Daar was ook deurgaans deur Adv Black namens beskuldigde 1 aan getuies gesuggereer dat die polisie voor die uitkenningsparades fotos van beskuldigde 1 aan die getuies getoon het. Al die getuies het ontken dat soiets gebeur het en die verhoorhof het, na my mening heeltemal tereg, so'n moontlikheid verwerp. Dit was dan in breë trekke die getuienis wat die Staat op klagtes 1 en 2 aangebied het.

Beskuldigde 1 het getuig dat hy op 18 Desember 1983 toe die aanval op Ben Shabangu plaasgevind het by sy moeder te Acornhoek was waar hy op 16 Desember aangekom het.

Hy het daar gebly tot 13 Januarie 1984 en weet gevolglik niks van die diefstal van mnr Lander se voertuig nie of van die aanval op Ben op 18 Desember nie. Hy het erken dat hy vir Ben Shabang goed geken het en geweet het waar hy bly maar het ontken dat hy ooit vir beskuldigde 2 of beskuldigde 3 die huis gaan wys het of hulle soontoe geneem het of enige versoeke aan hulle gerig het om vir Ben dood te maak. Hy het wel vir beskuldigde 2 en beskuldigde 3 geken. Om beskuldigde 1 se alibi te o v aanklagte 1 en 2 te staaf is sy moeder Flora Masako as getuie geroep. Sy woon te Acornhoek en het getuig dat beskuldigde 1 op 16 Desember 1983 daar by haar aangekom het om te kom kuier en dat hy eers weer op 13 Januarie 1984 daarvandaan vertrek het. Sy is eers in 1985 gevra om 'n verklaring te maak oor

haar seun se besoek aan haar in Desember 1983 maar onthou

goed dat dit op 16 Desember was wat hy daar aangekom het

want dit was 'n vakansiedag en sy wou nog die dag "oxide"

gekoop het maar die winkels toe was. Sy onthou ook dat

hy op 13 Januarie 1984 daar weg is want dit was die dag

wat die vee gedip moes word. Beskuldigde se vrou het ook

getuig dat beskuldigde 1 op 15 Desember 1983 vir sy moeder

gaan kuier het. Sy self is op 16 Desember Natal toe en

het op 4 Januarie 1984 teruggekeer. Beskuldigde 1 was toe

nog nie terug nie.

Beskuldigde 2 het gladnie getuienis afgelê nie.

Beskuldigde 3 het onder eed getuig. Vir sover dit aanklagte

1 en 2 betref het hy in breë trekke herhaal wat hy in sy

skriftelike verklaring van 12 April voor die landdros gesê

het maar hy het erken dat hy en beskuldigde 2 by twee ge-

leenthede voor 18 Desember 1983 by oorledene se huis was

waar hulle navraag gedoen het omtrent kamers om te huur.

By elk van die geleenthede het beskuldigde 1 hulle soontoe

geneem. By elke geleentheid het beskuldigde 1 'n vuurwapen

aan beskuldigde 2 oorhandig. Hy het ook bevestig dat op

die aand van 18 Desember 1983 toe na Ben geskiet is hulle

met 'n geel Ford "van" wat aan beskuldigde 1 behoort het na

Ben se huis gery het.

Voor hierdie hof het adv Lapham, namens beskul-

digde 3, die appèl deur beskuldigde 3 teen sy skuldigbevind-

ing op aanklag 2 laat vaar sodat dit slegs die korrektheid

van beskuldigde 1 se skuldigbevinding op aanklagte 1 en 2

is wat oorweeg moet word. Dit is nie betwis dat daar die

aand etlike skote op Ben gevuur is en dat hy in sy been gewond is nie. Dit is nie betwis dat Ben se aanvallers daar met 'n voertuig aangekom en vertrek het nie. Die getuies Johanna en Dyna sê albei dat die aanvallers met 'n geel bakkie met registrasienommer GLT 217 T vertrek het en die verhoorhof het na sorgvuldige oorweging hierdie getuienis aanvaar. Daar kan dus geen twyfel bestaan dat dit mnr Lander se voertuig was wat die vorige nag gesteel is nie.

Die enigste getuie wat beskuldigde 1 met die voertuig verbind in die sin dat hy in beheer daarvan was is beskuldigde 3 en as hy ten opsigte hiervan geglo kon word, soos die verhoorhof gedoen het, dan was beskuldigde 1 tereg skuldig bevind op aanklag 1. In dié verband was dit belangrik om te oorweeg of die alibi wat beskuldigde 1 ten opsigte van

aanklagte 1 en 2 op-gewerp het redelik moontlik waar kan wees en dit is presies soos die verhoorhof die probleem benader het. Die verhoorhof het die getuienis van Rachel, Boswell en Johanna versigtig benader en in ag geneem dat daar verskille in hulle getuienis was omtrent die opeenvolging van gebeure in Ben se huis veral nadat die skietery begin het. Hierdie verskille was nie wesenlik van aard nie en seer sekerlik nie aanduidend van ongeloofwaardigheid aan die getuies se kant nie. Dit is gemene saak dat al drie die getuies op die eerste uitkenningsparade vir beskuldigde 1 sonder huiwering uitgewys het as die een wat verantwoordelik was vir die skietery op Ben die aand van 18 Desember. Die verhoorhof het hierdie getuienis versigtig benader veral in die lig van die feit dat op 'n latere

parade die getuies 'n verkeerde persoon aangesien en uitgesê  
wys het vir beskuldigde 3. Die verhoorhof het in ag geneem  
dat veral ten opsigte van aanklag 4 waarmee ek later sal  
handel beskuldigde 3 sy eie aandeel probeer afwater het en  
selfs valslik ontken het dat hy aandadig was aan die oor-  
ledene se dood. Die hof het sy getuienis dus ook ten op-  
sigte van aanklagtes 1 en 2 met groot versigtigheid benader.  
Hierteenoor het die verhoorhof die alibi-getuienis wat ten  
opsigte van beskuldigde 1 voorgelê is ontleed en oorweeg  
en eenparig tot die slotsom gekom dat laasgenoemde getuie-  
nis as onwaar verwerp moet word en is die Staat se getuie-  
nis aanvaar dat dit wel beskuldigde 1 was wat op die be-  
trokke aand vir Ben in die been geskiet het. Wat klagte  
1 betref was daar soos ek reeds gesê het slegs beskuldigde 3

se getuienis dat mnr Landeer se voertuig wat die voirge aand  
gesteel is aan beskuldigde 1 "behoort" het maar die verhoorhof  
het beskuldigde 3 se getuienis op hierdie aspek aanvaar en in  
die lig van die leuens wat beskuldigde 1 nie alleen in verband  
met sy alibi-storie vertel het nie maar ook ten opsigte van  
ander aangeleenthede wat betrekking het op die ander aanklag-  
te een waarmee ek aanstons sal handel, meen ek dat die  
aanvaarding van beskuldigde 3 se getuienis op hierdie aspek  
heeltemal geregverdig was. Beskuldigde 3 se weergawe om-  
trent die gebeure in Ben se huis die aand word ook in 'n groot  
mate deur die staatsgetuies gesteun en verskaf na my mening  
ook 'n bykomende waarborg vir beskuldigde 3 se geloofwaar-  
digheid waar hy getuig het dat die voertuig inderdaad in  
beskuldigde 1 se besit was. Beskuldigde 1 is dus na

my mening tereg skuldig bevind op aanklagte 1 en 2.

Wat aanklagte 3 en 4 betref is dit, net soos  
in die geval met die eerste twee aanklagte, gerieflik om  
saam te behandel. Dit is duidelik dat mnr Joubert se voer-  
tuig waarna in aanklag 3 verwys word gedurende die nag van  
18 - 19 Februarie 1984 gesteel is. Toe die voertuig 'n  
paar dae later deur die polisie aan hom terugbesorg is was  
daar ander nommerplate met registrasienommer JKL 736 T op,  
en was die ruite daarvan, behalwe die voorruit, verdonker.  
'n Foto van die voertuig nadat dit teruggevind is, is by die  
hof ingehandig as Bew "A". Hierdie voertuig is deur speur-  
dersersant Sedumedi en speurderkonstabel Magoai op 22 Feb-  
ruarie 1984, nie lank na die moord op oorledene, Ben  
Shabangu, opgespoor waar dit verlate langs die pad

gestaan het naby Halfweghuis. Sedumedi se getuienis is in sekere ander opsigte deur adv Black, namens beskuldigde 1, gekritiseer maar daar is hoegenaamd geen rede om sy getuienis, gesteun deur Mogoai, omtrent hoe, waar en wanneer die voertuig gevind is in twyfel te trek nie. Dit kan ook as onbetwisbaar aanvaar word dat minstens 'n stuk papier (Bew "D") waarop die naam en telefoonnommer van ene Danny Malatsi geskryf was, in die voertuig gevind is. Die gegewens op Bew "D" het die polisie na 'n firma Kleen Shield (S A) (Edms) Beperk gelei waar ene Daniel Malatsi in diens was. Gemelde Daniel het getuig dat 'n soortgelyke voertuig as dié wat deur die polisie gevind is en op die foto Bew "A" verskyn, deur hom van film voorsien is wat die effek het dat dit die ruite verdonker. Slegs die voorruit of

windskerms is nie verdonker nie. Hierdie werk is op 20

Februarie 1984 gedoen. Daniel het getuig dat nadat die

werk gedoen is die persoon wat die voertuig gebring het en

bygestaan het terwyl die werk gedoen is Daniel se naam en

telefoonnommer gevra het omdat hy glo vir Daniel verdere

werk wou gee. Daniel het toe die naam Danny Malatsi en sy

telefoonnommer op 'n uitgediende werkkaart van die firma ge-

skryf. Daniel het toe ook die persoon se naam en adres

gevra en dié het die adres "726 Emangweni Sec" en die naam

"Mswazi" agterop dieselfde werkkaart geskryf. Die kaart is

toe middeldeer geskeur en die persoon het Bew "D" met Daniel

se naam en telefoonnommer geneem terwyl die ander stuk wat

Bew "E" gemerk was met Mswazi se adres aan Daniel oorhandig

is. Hy het verduidelik dat die persoon Mswazi sy oom is en

dat sy oom sal weet waar om hom te

kontak. Adam Kgwedi wat by dieselfde firma as Daniel werk, en bygestaan het terwyl Daniel die werk aan die voertuig gedoen het, het Daniel se getuienis bevestig. Toe die polisie, nadat die voertuig met Bew "D" daarin gevind is, vir Daniel ondervra, het hy sy storie vertel en Bew "E" aan die polisie oorhandig. Bew "E" het die polisie gelei na ene John Nkosi (ook bekend as Mswazi) wat inderdaad 'n oom van beskuldigde 1 is en dit het uiteindelik tot beskuldigde 1 se arrestasie gelei. Dit is nie betwis dat op 'n uitkenningsparade wat daarna op 13 Maart 1984 gehou is, Adam Kgwedi vir beskuldigde 1 sonder enige huiwering uitgewys het as die persoon aan wie se motor Daniel op 20 Februarie 1984 die werk gedoen het nie. In sy getuienis het Adam getuig dat hoewel beskuldigde 1 op 20 Februarie lang hare gehad het en

sy hare op 13 Maart kort geskeer was hy geen probleem on-

dervind het om hom op die parade uit te ken nie. Toe

Daniel op dieselfde parade gevra is om die betrokke persoon

uit te ken, kon hy niemand uitwys nie en het gesê die per-

soon wat die voertuig na hom gebring het, het lang hare

gehad. Soos die verhoorregter tereg in sy uitspraak opmerk,

het Adam wat die hele tyd slegs gestaan en toekyk het seker-

lik meer en beter geleenthede gehad om die betrokke persoon

waar te neem as Daniel wat besig was om die werk te doen.

Hierdie getuienis, wat die verhoorhof aanvaar het, toon dat

beskuldigde 1 op 20 Februarie 1984, uiteraars twee dae nadat

die voertuig gesteel is, in besit daarvan was. Die ge-

tuienis dat beskuldigde 1 wel in besit van die betrokke

voertuig was word ook bevestig deur Theresa Mpangele wat

in Februarie 1984 saam met beskuldigde 3 gewoon het. Sy

het getuig dat gedurende gemelde maand beskuldigde 1 een

oggend vroeg vir beskuldigde 3 by hulle huis kom oplaai het.

Hy het in 'n voertuig gery wat gelyk het soos dié op die

foto Bew "A". Toe hulle vertrek het beskuldigde 3 'n

hoedjie op gehad en Beskuldigde 1 het 'n keps by beskuldigde

3 geleen wat hy saamgeneem het. Dit is nie betwis dat 'n

hoed na die moord in Joubert se voertuig gevind is. Ser-

sant Sedumedi het getuig dat 'n keps ook in die voertuig

gevind is maar konstabel Mogoai praat net van 'n hoed wat

in die motor gevind is en daar was getuienis dat 'n keps

by die toneel waar oorledene gedood is opgetel is. Hoe

dit ookal sy beskuldigde 3 het erken dat beide die hoed en

keps wat aan hom getoon is aan hom behoort het.

Wat die getuienis betreffende aanklag 4 betref, was daar in die eerste plek dié van Robert Makhabela wat op 22 Februarie 1984 omtrent 7 uur die oggend by Makhulong-Afdeling 471, Tembisa, 'n huis wat aan ene Job behoort het, besig was om aan 'n Kombi wat aan oorledene behoort het te werk. Moses Mokoena het hom gehelp. Omstreeks 9 vm het oorledene daar met 'n Cressida motorkar opgedaag wat hy agter die Kombi geparkeer het. Ek mag net byvoeg dat fotos van Job se huis geneem is en ingehandig is as deel van 'n plan Bew "F". Oorledene het by die getuie en Moses kom staan waar hulle besig was om aan die Kombi te werk. Twee persone het toe daar opgedaag en een het vir oorledene gegroet en gesê "Ja Ben". Onmiddellik daarna het die betrokke persoon 'n skoot afgevuur. Oorledene het gevlug

en in 'n toilet ingehardloop. Die persoon wat die skoot  
gevuur het, het oorledene agtervolg en hom by die toilet  
uitgesleep en op die grond vasgedruk. Intussen is verskeie  
skote geskiet. Die tweede persoon wat opgedaag het en in-  
tussen naby die Cressida motor gestaan het is ook na die  
eerste een en oorledene wat steeds op die grond gelê het,  
en het 'n vuurwapen wat hy, die tweede persoon, deurentyd  
by hom gehad het na die eerste persoon wat oorledene vasge-  
druk het gegooi en die eerste persoon het daardie vuurwapen  
geneem en 'n skoot na oorledene se kop geskiet. Oorledene  
het daarna bly lê en die twee vreemdelinge het na 'n bakkie  
wat agter die Cressida motor geparkeer was gehardloop,  
ingespring en weggery. Die bakkie waarmee hulle vertrek  
het was soortgelyk aan die een op die foto Bew "A".

Die getuie kon nie sien of daar iemand anders in die bakkie was nie want die bakkie se ruite was donker. Dit is gemene saak dat op 'n uitkenningsparade wat op 15 Maart 1984 gehou is die getuie vir beskuldigde 1 sonder aarseling uitgewys het as een van die persone wat op 22 Februarie 1984 vir Ben Shabangu doodgeskiet het. Dit is ook gemene saak dat die getuie op 'n parade wat op 30 Maart 1984 gehou is ene Mishack Sithole uitgewys het as die ander persoon wat op 22 Februarie 1984 betrokke was by die moord op die oorledene Ben. Dit is verder gemene saak dat op 'n uitkenningsparade wat daarna op 17 April 1984 gehou is die getuie vir beskuldigde 3 uitgewys het as die ander persoon wat by die moord betrokke was. In die hof het die getuie getuig dat dit beskuldigde 3 was wat die eerste skoot op

oorledene gevuur het, hom daarna uit die toilet gesleep het en aan die einde, nadat beskuldigde 1 die vuurwapen na hom gegooi het, die skoot na oorledene se kop afgevuur het waarna oorledene doodstil bly lê het.

Moses Mokoena het getuig dat hy op die oggend van 22 Februarie 1984 saam met Robert by Job se huis was waar hulle aan 'n Kombi gewerk het. Later het oorledene daar opgedaag met 'n Cressida motor wat hy agter die Kombi geparkeer het. Terwyl hy, die getuie, op sy knieë was, besig om aan die Kombi se wiel te werk, het hy skielik 'n skoot gehoor. Toe hy opkyk sien hy oorledene hardloop na 'n toilet. Hy het toe ook twee vreemde persone daar gesien. Een het al skietende vir oorledene agterna gesit. Die vreemdeling het toe vir oorledene uit die toilet

uitgesleep. Hy het toe net gehoor die persoon wat vir oorledene beetgehad het sê vir die ander een "hierdie hond wil nie vrek nie". Die twee vreemdelinge was naby mekaar maar hy het om 'n hoek gestaan en kon die tweede persoon nie sien nie. Onder kruisverhoor het hy gesê dat hy gesien het 'n vuurwapen word na die een wat met oorledene besig was gegooi en dit word opgetel. In die hof het hy gesê dat die een wat eerste na oorledene geskiet het en vir oorledene uit die toilet uitgesleep het was beskuldigde 3 en die ander persoon was beskuldigde 1. Nadat die laaste skoot afgeskiet is het die twee vreemdelinge na 'n bakkie wat daar gestaan het gehardloop en weggery. Net soos in die geval van die getuie Robert, het hierdie getuie op 'n uitkenningsparade op 15 Maart 1984 vir beskuldigde 1 sonder aarseling

uitgewys as een van die persone wat op 22 Februarie 1984 betrokke was by die aanval op oorledene. Op die parade van 30 Maart 1984 het hy ook vir Mishack Sithole "baie huiwerig" uitgewys as die tweede persoon wat betrokke was en op die parade van 17 April 1984 het hy ook sonder aarseling vir beskuldigde 3 uitgewys as die tweede persoon wat betrokke was. Dit was, net soos in die geval van die getuie Robert, nadat die polisie aan hulle gesê het dat hulle uitwysing op 30 Maart 1984 van Mishack Sithole as 'n persoon wat betrokke was, nie aanvaar kan word nie. Hulle het ook getuig dat die persoon wat hulle op 30 Maart 1984 uitgewys het baie soos beskuldigde 3 lyk. Ek het reeds gesê dat volgens die fotos wat voorgelê is, daar 'n merkwaardige ooreenstemming in voorkoms is tussen gemelde Sithole en

beskuldigde 3. Dit toon maar net, en die verhoorhof het dit goed besef, dat uitkennings van getuies wat andersins heel geloofwaardig is soms tog foutief kan wees. Soos ek egter aanstons sal aantoon hoef daar in hierdie geval, vir sover dit aanklag 4 betref, nie bloot op Robert en Moses se uitkennings staatgemaak te word nie. 'n Belangrike getuie in dié verband was Douglas Rampfudezeni wat net oorkant die straat van Job se huis waar die oorledene doodgeskiet is woon. Hy het getuig dat op die oggend van 22 Februarie 1984 terwyl hy by sy huis was hy 'n lawaai gehoor en onder andere ook 'n skoot gehoor het. Hy is na buite en het 'n bakkie, soortgelyk aan dié op die foto Bew "A" in die straat buite Job se huis gesien. Hy het twee persone gesien stoei naby die toilet van Job se huis. Die

een het toe die ander een geskiet en laasgenoemde het geval.

Twee persone het toe vanaf die plek waar die een geval het na die bakkie wat in die straat was gehardloop en ingespring.

Op daardie stadium het daar reeds 'n derde persoon in die

bakkie gesit. Die drie het toe weggery. Die getuie het

die bakkie wat weggery het se registrasienommer geneem en

dit op sy hand neergeskryf. Hy het dadelik in sy eie voer-

tuig na die polisiestasie gejaag en aan hulle die registra-

sienommer van die bakkie wat weggery het gegee. Die ge-

tuie het ook 'n uitkenningsparade bygewoon maar kon niemand

uitwys nie.

Speurder-sersant Sedumedi en Konstabel Magoai

het na Douglas se rapport, en gewapen met 'n beskrywing en

die registrasienommer van die voertuig waarmee die aanvallers

vertrek het, na die betrokke voertuig gaan soek nadat hulle vlugtig by die moordtoneel aangedoen het. Oorledene was reeds dood. Soos ek vroeër reeds genoem het, het hulle die betrokke voertuig nog dieselfde dag verlate op pad na Halfweghuis aangetref en het hulle daarin die dokument Bew "D" aangetref wat uiteindelik gelei het tot beskuldigde 1 se arrestasie. Volgens Sedumedi het hy beskuldigde 1 binne 'n paar dae na die voorval opgespoor en aangehou maar het beskuldigde 1, terwyl hy, Sedumedi, 'n telefoonoproep gaan maak het, vanuit die voertuig waarin hy moes wag, ontsnap. Beskuldigde 1 het 'n ander weergawe omtrent hierdie gebeure gehad en ek ag dit nie nodig om daarmee te handel nie want dit is nie hierdie beweerde ontsnapping waarop aanklag 7 betrekking het nie. Kaptein de Beer het getuig dat hy

op een stadium die ondersoek van die moordaanklag oorgeneem

het by Sedumedi. Die dossier is toe ook van Sedumedi ont-

trek, maar Sedumedi het nog gehelp met die ondersoekwerk.

Omtrent daardie tyd het hy en Sedumedi beskuldigde 1 wat

op daardie stadium nie gevind kon word nie, se huis be-

soek en die kaptein het onder andere op 'n paar fotos van

beskuldigde 1 beslag gelê. Beskuldigde 1 se vrou was teen-

woordig. Die dossier was toe onder sy, die kaptein, se

beheer en die fotos is in 'n koevert in die dossier geplaas.

Hy twyfel of Sedumedi die fotos tydelik kon verwyder het en

aan enigiemand kon getoon het maar het toegegee dat dit nie

heeltemal onmoontlik was nie. Adv Black se vrae en stellings

aan getuies dat hulle uitkennings van beskuldigde 1 geskied

het nadat fotos van hom deur die polisie aan hulle getoon

is - iets wat al die getuies wat hom uitgewys het ontken  
 het - was ooglopend op die feit dat daar op fotos van be-  
 skuldigde 1 beslag gelê is, gebaseer. Die verhoorhof het  
 hierdie suggestie verwerp maar selfs voor hierdie Hof is dit  
 deur die geleerde advokaat as 'n moontlikheid voorgehou.  
 Ek meen nie daar is enige basis hoegenaamd vir die betrokke  
 argument nie. Mens kan wel vra, soos die verhoorhof ge-  
 doen het, waarom die fotos dan nie ook getoon sou gewees het  
 aan getuies soos Daniel en Douglas wat beskuldigde 1 glad-  
 nie kon uitwys nie. Hoe dit ookal sy, beskuldigde 1 is  
 uiteindelik op 12 Maart 1984 gearresteer en op 13 Maart  
 1984 is die eerste uitkenningsparade waarop hy deur sekere  
 getuies uitgeken is gehou. Die ontsnapping waarna aan-  
 klag 7 verwys het dieselfde dag plaasgevind maar

daaroor later. In antwoorde op vrae deur adv Black het kaptein de Beer gesê dat beskuldigde 1 na sy arrestasie vir beskuldigde 2 en beskuldigde 3 aan hom gaan uitwys het en onder andere gesê het dat hulle

"die twee persone was wat saam met hom was in die groen bakkie die dag met die skietery".

Dit was, volgens die getuienis, op 12 April 1984 wat beskuldigde 1 hulle gaan uitwys het. In herverhoor deur adv Kolbe namens die Staat, het kaptein de Beer getuig dat beskuldigde 1 aan hom vertel het dat hyself, beskuldigde 2 en beskuldigde 3 die betrokke dag in die groen bakkie gery het. Beskuldigde 2 het bestuur. Op 'n stadium het beskuldigde 3 uitgeklim en 'n erf binne gegaan waarop hy, beskuldigde 1, skote gehoor het. Die volgende oomblik het beskuldigde 3

terug gehardloop gekom en gesê "ry vinnig weg". Terwyl

hulle ry het beskuldigde 1 navraag gedoen omtrent die skietery

en aan beskuldigde 3 gesê as daar moeilikheid is gaan hy,

beskuldigde 1, vir die polisie sê. Beskuldigde 3 sou toe

in die ry vir hom, beskuldigde 1, deur die been geskiet het.

Beskuldigde 1 het aan die kaptein 'n wond aan sy bobeen ge-

wys wat hy by dié geleentheid sou opgedoen het. Hy het

ook die broek gaan wys wat hy tydens die skietery sou aan-

gehad het en waarin daar dan ook twee gate in die broekspyp

was. Die kaptein het daarna weer Joubert se bakkie deur-

soek maar geen koeëlgat in die bakkie gekry nie. Daar was

wel bloed in die bakkie soos Joubert ook getuig het toe hy

die voertuig terug gekry het. Adv Black is geleentheid

gegun om kaptein de Beer oor laasgenoemde aspekte weer te

ondervra. Kaptein de Beer het getuig dat hy na die wond  
 in die bobeen waarvan beskuldigde 1 gepraat het gekyk het.  
 Die wond was reeds 90% genees. Dit is aan hom gestel dat  
 volgens beskuldigde 1 hy daardie wond in 1978 opgedoen het.  
 Kaptein de Beer het die moontlikheid ontken dat die wond  
 reeds jare gelede opgedoen is. Die jaar 1978 wat die  
 advokaat gestel het is later na konsultasie met beskuldigde  
 1 verander na 1983, en dat 'n sekere dr Hlakila beskuldigde  
 1 vir die wond sou behandel het. Kaptein de Beer het ge-  
 antwoord dat beskuldigde 1 wel die naam van 'n swart dokter  
 in Tembisa verstrek het. Hy, die kaptein, en beskuldigde  
 1 het saam na die dokter wie se naam beskuldigde 1 verstrek  
 het, gery. Die dokter het beskuldigde 1 gladnie geken nie.  
 Hy het ook sy rekords nagegaan en niks gevind wat aandui

dat hy ooit so 'n persoon behandel het nie.

Dr Peters, 'n deeltydse distriksgeneesheer, wat op 24 Februarie 1984 'n nadoodse ondersoek op oorledene gehou het, het getuig dat oorledene ongeveer 46 jaar oud was. Hy is dood as gevolg van 'n skietwond wat voor die kop ingegaan het en agter die kop uit is. Weens die afwesigheid van kruitmerke aan die wond voor die kop was hy van mening dat die skoot wat oorledene getref het waarskynlik van nie 'n korter afstand as 1 meter van die kop af afgevuur is nie. Die strekking van die dokter se kennis oor verskillende vuurwapens en kruitmerke wat dit laat, blyk nie uit die rekord nie. Die twee ooggetuies wat oor die skietery getuig het se indrukke dat die wapen wat gebruik is feitlik teenaan oorledene se kop gedruk is kan, in die geharwar

wat geheers het ook heeltemal verkeerd was. Ek meen

nie dat hierdie faktor van wesenlike belang is nie.

Dit, in hooftrekke, was die getuienis wat die Staat aangebied het.

Beskuldigde 1 het ten aansien van aanklagte 3 en 4 getuig dat hy 'n huurmotorbesigheid het en dat hy niks weet van die diefstal van mnr Joubert se bakkie nie. Hy het ook ontken dat hy daardie voertuig of enige ander voertuig se ruite laat verdonker het soos Daniel Malatsi en Adam Kgwedi getuig het. Hy het ook ontken dat die skrif op die kaart Bew "E" in sy handskrif is. Hy het wel 'n oom wat bekend is as Mswazi wat by die adres op Bew "E" woon maar die oom van hom is bekend aan baie mense en enigeen kon die naam en adres op Bew "E" geskryf het.

Hy het erken dat hy na sy arrestasie geweier het om voor-  
beelde van sy handskrif aan kaptein de Beer te gee maar  
sê dit was op advies van sy destydse advokaat. (Tussen  
hakies, kaptein de Beer se getuienis was dat beskuldigde 1  
gesê het hy is ongeletterd en kan nie skryf nie.) Ten  
aansien van aanklag 4 het beskuldigde 1 getuig dat hy 'n  
huurmotorbesigheid het en dat beskuldigde 2 wat beweer het  
dat hy buitebande goedkoop kan bekom belowe het om vir  
hom, beskuldigde 1, van die bande vir sy motors in die hande  
te kry. Een oggend het beskuldigde 2 en beskuldigde 3  
in 'n groen bakkie wat lyk soos dié een op die foto Bew  
"A" en waarvan die ruite verdonker was, by sy huis opgedaag  
en gesê beskuldigde 1 moet saamry sodat hulle kan gaan kyk  
na die bande en beskuldigde 1 kan besluit of die bande sy

voertuie sal pas en of beskuldigde 1 die bande wil hê.

Hy het toe saam met beskuldigdes 2 en 3 gery. Op 'n sekere

plek het hulle stilgehou en beskuldigde 3 het uitgeklim

en na 'n huis gegaan waar die persoon wat veronderstel was

om die bande te verskaf hom sou bevind het. Beskuldigde 3

het 'n geruime tyd weggebly maar tog later teruggekom en ge-

sê hulle moet ry. Beskuldigde 3 het vertel die man van

die bande is nie tuis nie en sy vrou het gesê hy sal eers

6 nm terug wees. Beskuldigdes 2 en 3 het toe gesê die twee

van hulle sal die aand die bande gaan haal en dit omstreeks

8 nm vir beskuldigde 1 bring. Hulle het nooit met die

bande opgedaag nie. Volgens hom het hy wel kort na 22

Februarie 1984 saam met Sedumedi en ander polisie beamptes

op hulle versoek in 'n voertuig gery. Hy was egter nie

gearresteer nie en dit is nie aan hom gesê waarom hy moet

saamry nie. Op 'n stadium is Sedumedi in 'n gebou in en

hy, beskuldigde 1, het toe vir een van die ander polisie-

beamptes gesê hy is haastig en dié sou toe gesê het dat

Sedumedi mal is en hy, beskuldigde 1, kan maar loop. Hy

het toe uit die polisievoertuig geklim en is in 'n huurmotor

daar weg. Daarna is hy Kimberley toe om geld te gaan kol-

lekter by plekke waar hy normaalweg drank en ander arti-

kels verkoop. Toe hy in Maart van Kimberley af terugkeer

het hy gehoor die polisie soek na hom maar hy het nie ge-

weet waarom nie. Hy het toe sy prokureur in Johannes-

burg gaan sien en saam met adv Wepener is hy toe op 12

Maart na die polisiestasie op Tembisa waar hy aangehou is.

Hy het ontken dat hy ooit aan kaptein de Beer gesê het dat

beskuldigde 3 hom in die been geskiet het. Hy het wel 'n koeëlwond aan sy been gehad maar dit was waar hy in 1983 geskiet is. Onder kruisverhoor het hy gesê dat hulle na die bande gaan soek het in Makhulong Afdeling, Tembisa. Die huis waar hulle stilgehou het lyk soos die foto van die huis wat op Bew "F" voorkom maar hy sê al die huise daar rond lyk maar eenders. Hy het beweer dat hy en beskuldigde 2 al tevore rusies gehad het oor 'n motor wat beskuldigde 2 by hom geleen en toe beskadig het. Hy meen beskuldigdes 2 en 3 wil hom in die moeilikheid bring omdat hy hulle aan die polisie gaan uitwys het. Hy het nie self uitgeklim om na die buitebande te gaan kyk nie want beskuldigde 3 sou die bande na hom toe bring waar hy in die voertuig gesit het.

Wat aanklag 4 betref het beskuldigde 3 ook in breë trekke herhaal wat hy in sy skriftelike verklaring van 12 April 1984 aan die landdros vertel het. Hy het sy vriendin Theresa se getuienis dat hy deur beskuldigde 1 by hulle huis opgelaai is in 'n bakkie wat lyk soos die foto op Bew "A" ontken. Volgens hom is hy langs die pad deur beskuldigde 1 opgelaai maar hy het erken dat die voertuig wat beskuldigde 1 bestuur het min of meer gelyk het soos die een op gemelde foto. Hy het ook onder kruisverhoor getuig dat buite die huis waar hulle stilgehou het en waar beskuldigde 1 ingegaan het en waar die geluid van skote vandaan gekom het, 'n Kombi en 'n Cressida motor gestaan het. Hy het persone by die twee voertuie gesien. Een van hulle was een van die getuies wat namens die Staat

oor die skietery getuig het. Volgens beskuldigde 3 was die enigste keer wat hy saam met beskuldigde 1 in die groen bakkie gery het die dag wat die skietery plaasgevind het en was daar nooit 'n geleentheid wat hulle saamgery het om na buitebande te gaan kyk nie. Die dag van die skietery het hy sy hoed in die groen bakkie waarmee hulle gery het vergeet. Hierdie hoed het hy later aan die polisie uitgeken.

Wat aanklag 3 betref het ek nie die minste twyfel dat die verhoorhof korrek was in sy bevinding dat beskuldigde 1 vanaf minstens 20 Februarie 1984 in besit was van mnr Joubert se voertuig wat gedurende die nag van 18 - 19 Februarie gesteel is en onder al die omstandighede ten volle geregtig was om die afleiding te maak, as enigste redelike

afleiding, dat beskuldigde 1 die voertuig gesteel het.

Dat iemand op 20 Februarie 1984 die voertuig se ruite laat verdonker het staan soos 'n paal bo water. Adam Kgwedi

het beskuldigde 1 sonder aarseling op die uitkenningsparade

uitgewys as daardie persoon. Theresa het ook bevestig dat

beskuldigde 1 vir beskuldigde 3 kom oplaai het in 'n voer-

tuig wat lyk soos die gesteelde een. In die voertuig is

die dokument Bew "D" gevind en beide Adam en Moses het ver-

duidelik wanneer en hoe dit daarin gekom het, asook wanneer

en hoe die dokument Bew "E" waarop die naam en adres van

Mswazi, beskuldigde 1 se oom, verskyn in Daniel se besit

gekom het. Voeg hierby vir wat dit werd is beskuldigde

1 se belaglike verhaal dat hy maar net in die voertuig wat

eintlik in beskuldigde 2 se besit was gery het om na buite-

bande te gaan kyk maar toe hulle by die plek kom waar die buitebande sou wees net in die voertuig bly sit het, dan was die getuienis teen beskuldigde 1 op klagte 3 na my mening eenvoudig oorweldigend.

Wat klagte 4 betref is dit duidelik van die getuienis van Douglas dat die voertuig waarin die moordenaars van Ben Shabangu van die toneel weggejaag het die gesteelde motor was waarop klagte 3 betrekking het en wat die polisie kort daarna verlate naby Halfweghuis gevind het. Dit is ooglopend op Douglas se beskrywing van die voertuig en die verstrekking van die registrasienommer wat die polisie die betrokke motor opgespoor het. Hierdie motor het voor die skietery, selfs op beskuldigde 3 se getuienis, voor die huis waar oorledene doodgeskiet is gestaan want beskuldigde

3 vertel self dat langs die betrokke huis 'n Kombi en 'n Cressida motor gestaan het. Beide beskuldigdes 1 en 3 plaas hulself dus in die betrokke voertuig waarmee die moordenaars weggery het. Beskuldigde 1 wil eintlik hê die hof moet aanvaar dat beskuldigde 3 alleen afgeklim het en dus waarskynlik alleen die oorledene doodgeskiet het hoewel hy nie skote gehoor het nie. (Aan kaptein de Beer het hy egter 'n ander storie vertel naamlik dat hy wel skote gehoor het.) Beskuldigde 3 aan die ander kant gee voor dat beskuldigde 1 alleen afgeklim het en waarskynlik vir die skietery wat hy gehoor het verantwoordelik was. Die getuienis van Robert Mkhabela, Douglas Rampfumedzeni en Moses Makoena, wie se

getuigenis die verhoorhof aanvaar het, toon egter onteenseglik dat twee persone betrokke was by die aanval op oorledene en na die aanval na die groen bakkie gehardloop het en weg-gery het. Wie die derde persoon was wat Douglas in die voertuig gesien sit het is nie ter sake nie. Beide Robert en Moses het beskuldigde 1 sonder huiwering uitgeken as die een wat op die end 'n vuurwapen na die ander een gegooi het voor die laaste skoot afgeskiet is. Beide gemelde getuies het later vir beskuldigde 3 uitgeken as die persoon wat oorledene uit die toilet gesleep het en die laaste skoot, waarskynlik die doodskoot, afgevuur het. Welliswaar is groot gewag weereens gemaak deur beide advokate vir beskuldigde 1 en beskuldigde 3 van die feit dat beide Robert en Moses eers 'n ander persoon, Mishack Sithole, aangesien het

vir beskuldigde 3. Ek het reeds na hierdie fout aan hulle kant en die van die getuies op aanklag 2 wat dieselfde fout gemaak het en die verduidelikings daaromtrent verwys.

Die verhoorhof het hierdie aspek ook in gedagte gehou en oorweeg maar nogtans die uitwysing van die twee getuies aanvaar. Ek kan ook met die verhoorhof se bevinding hieromtrent geen fout vind nie. Die twee advokate namens beskuldigdes 1 en 3 se kritiek teen die getuienis van Robert en Moses omdat hulle nie altyd ooreenstem oor die opeenvolging van gebeure veral na die skietery begin het nie, die argumente dat hulle in hulle paniekbevingenheid nie goeie waarnemings sou kon maak omtrent die identiteit van die aanvallers nie, en die argument dat omdat, volgens

die getuies se beskrywings, skote van 'n baie naby distan-  
 sie van oorledene afgevuur moes gewees het en die dokter  
 geen kruitmerke aan oorledene se liggaam gekry het nie,  
 het, in die lig van al die ander getuienis, na my mening  
 niks om die lyf nie. Ek meen dus dat beskuldigdes 1 en  
 3 tereg skuldig bevind is aan moord. Dit wil voorkom  
 asof beskuldigde 1 op een of ander stadium gedurende die  
 aanval op oorledene moontlik 'n skietwond aan sy been opge-  
 doen het. Hy het so 'n gedeeltelik geneesde wond aan sy  
 been gehad toe hy gearresteer is. Hy het aan kaptein  
 de Beer op een stadium vertel dat beskuldigde 3 hom die  
 wond in die voertuig toegedien het wat 'n ooglopende leuen  
 was. Beskuldigde 3 vertel weer dat daar bloed aan be-  
 skuldigde 1 se been was toe hy alleen na die voertuig

teruggekeer het. Bloed, maar geen koeëlmerk nie, is agterna in die voertuig gevind. Dit is dus nie onmoontlik en miskien waarskynlik dat beskuldigde 1 op een of ander manier gedurende die skietery op oorledene deur 'n koeël-wond getref is maar dit is nie nodig om hieroor te speku-leer nie.

Wat klagtes 5 en 6 betref het die verhoorhof be-vind dat beskuldigde 1 op 18 Desember 1983 by Ben se huis in besit was van 'n vuurwapen waaruit skote afgevuur is en dat etlike afgevuurde .38 koeëlpunte daarna op die toneel opgetel is. Die hof het ook tereg bevind dat op 22 Feb-ruarie 1984 albei beskuldigdes 1 en 3 in besit was van vuurwapens waarmee op oorledene gevuur is en dat agterna ook daar etlike afgevuurde .38 koeëlpunte opgetel is.

Die skuldigbevindings van beskuldigdes 1 en 3 op klagtes

5 en 6 was dus na my mening geregverdig.

Wat klagte 7 betref het konstabel Mokoadi getuig

dat op 13 Maart 1984 hy beskuldigde 1 wat reeds gearresteer

was in sy kantoor te Tembisa polisiestasie moes oppas.

Dit was blykbaar nadat die uitkenningsparade gehou is waar-

tydens beskuldigde 1 deur verskeie getuies uitgewys is.

Beskuldigde 1 het op 'n stoel by die getuie se tafel gesit.

Daar was ook 'n gevangene wat besig was om die kantoor skoon

te maak. Daar was ook 'n vrou wat die getuie besig was

om te ondervra. Die vrou het skielik 'n rapport gemaak

en toe die getuie opkyk sien hy dat beskuldigde 1 besig was

om deur die kantoorvenster te spring. Die gevangene wat

besig was om die kantoor skoon te maak het beskuldigde 1

aan sy bene beetgehad en beskuldigde l se lyf was al uit by die venster. Die beskuldigde het losgekom uit die greep van die gevangene en het oor 'n hoë heining gespring en verdwyn. Die getuie het ontken dat beskuldigde l aangerand is voor hy by die venster uitgespring het. Hy, die getuie, het beskuldigde l nie eers ondervra nie en moes hom bloot oppas. Sersant Sedumedi was gladnie in die kantoor waaruit beskuldigde ontsnap het nie. Konstabel Mamabolo het getuig dat op 13 Maart 1984 gedurende die teeverdaging (hy is 'n hofordonans) hy buite gestaan het naby die speurderskantore. Skielik het hy 'n persoon gesien uithang by 'n venster van een van die speurderskantore. Net toe die getuie begin nader hardloop het die persoon aan die buitekant van die venster op die grond geval,

opgespring en weggehardloop. Hy het oor 'n veiligheids-

heining rondom die gebou gespring en verdwyn. Adv Black

het glad geen vrae aan die getuie gestel nie. Dit is blyk-

baar gemene saak dat beskuldigde 1 se prokureur of advokaat

hom die volgende dag weer daar aangebring het en aan die

polisie oorhandig het. Behalwe vir wat aanvanklik in be-

skuldigde 1 se pleitverduideliking gesê is, is niks aange-

voer wat beskuldigde se optrede regverdig nie en hy is te-

reg op aanklag 7 skuldig bevind.

Voor hierdie hof het adv Black, na my mening

tereg, namens beskuldigde 1 die appèl teen die vonnis op

aanklagte 1, 2, 3, 5, 6 en 7 laat vaar wat beteken dat dit

slegs die verhoorhof se bevinding was dat daar geen ver-

sagtende omstandighede teenwoordig was ten opsigte van

beskuldigde 1 se skuldigbevinding aan moord op aanklag 4

nie wat oorbly vir oorweging.

Adv Lapham het ook, voor hierdie hof, weereens

heeltemal tereg meen ek, namens beskuldigde 3 die appèl

teen sy skuldigbevinding en vonnis op aanklag 2 laat vaar.

Wat aanklagte 5 en 6 betref het sy, onsuksesvol soos ek

aangetoon het, slegs die korrektheid van die skuldigbe-

vindings aangeveg. Oor die gepastheid van die vonnisse wat

op daardie twee aanklagte opgelê is het sy haar gladnie

uitgelaat nie. Ek meen ook nie dat daar enige gronde is

vir inmenging met die vonnisse wat opgelê is nie. Wat

beskuldigde 3 betref is dit dus ook slegs die aanwesigheid

al dan nie van versagtende omstandighede op aanklag 4 wat

aandag verdien.

Ek behandel egter eers beskuldigde 2 se appèl teen die vonnis van vyf jaar gevangenisstraf wat hom opgelê is op aanklag 2. Adv Laurent het weer, net soos by die verhoorhof, sy ouderdom (hy is 28 jaar), die feit dat hy net tot st 3 op skool gevorder het, die feit dat hy 'n vrou en vyf kinders en ouers het wat van hom afhanklik is en die feit dat hy vir 10 jaar vir dieselfde werkgewer gewerk het aan ons voorgehou as versagtende faktore. Sy het ook beklemtoon dat hy nie 'n aktiewe rol in die eerste aanslag op Ben Shabangu se lewe gespeel het nie dog slegs in die voertuig voor die huis vir beskuldigdes 1 en 3 gesit en wag het. Die verhoorhof het al hierdie feite in ag geneem en het by vonnisoplegging geen mistasting begaan nie. Geen geldige rede bestaan na my mening wat regverdiging

aan hierdie hof as hof van appèl sou bied om met die opgelegde vonnis in te meng nie.

Wat die vraag of daar versagtende omstandighede teenwoordig was ten opsigte van beskuldigde 1 op aanklag 4 is daar inderdaad geen feitlike basis wat enige bevinding van versagtende omstandighede sou regverdig nie. Hy het die daad ontken en in die getuienis as geheel is daar niks te vind wat 'n bevinding van versagtende omstandighede hoegenaamd as 'n waarskynlikheid kan steun nie. Die verhoorhof was in die duister gelaat oor 'n moontlike motief vir die moord behalwe vir 'n vae verwysing in beskuldigde 2 se verklaring voor die landdros dat beskuldigde 1 sou gesê het dat oorledene hom geld skuld en in beskuldigde 3 se verklaring dat oorledene hom "pla". Om daardie vae bewerings

as waarskynlikhede te beskou vir die doeleindes van die bewyslas wat op hierdie aspek op beskuldigde 1 gerus het, is buite die kwessie. Beskuldigde 1 se appèl teen die oplegging van die doodstraf wat onder die omstandighede verpligtend was kan dus ook nie slaag nie.

Ook beskuldigde 3 se appèl teen die verhoorhof se bevinding op aanklag 4 dat daar geen versagtende omstandighede teenwoordig was nie kan nie slaag nie. Ook hy het ontken dat hy aandadig was aan oorledene se dood.

Adv Lapham het namens hom verwys na beskuldigde 2 se verklaring voor die landdros waaruit dit blyk dat hy en beskuldigde 3 'n motorkar belowe is as beloning vir die aanslag op oorledene se lewe. Selfs as dit aanvaar word as 'n waarskynlikheid en as aanvaar word dat die tweede en

fatale aanslag op oorledene se lewe gepleeg is deur be-  
 skuldigde 3 met voormelde belofte in gedagte kan dit na  
 my mening, op sigself, en daar is werklik geen ander fak-  
 tore wat ons van weet wat 'n rol gespeel het nie, nie as  
 'n versagtende omstandigheid aangemerkt word nie. In elk  
 geval is dieselfde argument voor die verhoorhof ook ge-  
 opper en deur daardie hof verwerp. Die appèl van be-  
 skuldigde 3 op hierdie aspek kan dus ook nie slaag nie.

Die gevolg is dat die appèlle van al drie be-  
 skuldigdes op al die aanklagte en vonnisse waarteen ge-  
 appelleer is, verwerp word.

---

H R JACOBS, AR

VILJOEN, AR )  
 SMALBERGER, AR ) stem saam